

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)

- 4 Ek geloof, met stille^oaanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe^oin eewge duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

Psalm 32:1, 5 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe^oen skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoon moet buig.
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Skriflesing: Johannes 10:1-30; 1 Korintiërs 12:12-31;
Heidelbergse Kategismus, Sondag 21

Kernvers: Johannes 10:14-16; 1 Korintiërs 12:18-20

Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder. (Johannes 10:14-16 AFR83)

Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam. (1 Korintiërs 12:18-20 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk?

Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

(a) Efes 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Efes 4:11-13. (b) Gen 26:4; Open 5:9. (c) Rom 8:29; Efes 1:10-13.

(d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Efes 5:26. (e) Hand 2:42; Efes 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10.

(i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?

Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van sondes?

Antwoord: Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry (a), nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c).

(a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.

Tema: Die kerk leef om vir God en vir mekaar te leef

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, daar bestaan vandag al meer en meer die neiging dat gelowiges die kerk as nie meer so belangrik beskou nie. Hulle sê reguit dat dit nie vir hulle nodig is om aan 'n kerk te behoort om 'n Christen te wees nie. Hulle meen hulle kan die Here op hulle eie steeds net so goed dien as wat hulle dit saam met ander gelowiges gedoen het. Daar is verseker baie redes en ook geldige redes wat hierdie mense kan aanvoer hoekom hulle so dink.

In plaas daarvan om met daardie mense te wil redeneer, laat ons die saak van die kerk eerder van 'n ander kant af benader. Laat ons aan die hand van ons Kategismus luister wat die Here met die kerk wil. Mag die Heilige Gees ons dan ook die troos van kerkwees laat beleef, dan sal ons ook die sin van kerkwees kan begryp.

Daar is al baie navorsing oor die kerk se bestaan, soos dit in die Nuwe Testament duidelik word, gedoen. Volgens een so 'n navorser word daar 96 beelde gebruik om die kerk se lewe te beskryf. Met die twee gelese gedeeltes vestig die Heilige Gees ons aandag op twee van hierdie beelde soos dit ook neerslag in ons Kategismus gevind het, naamlik die beeld van die herder met sy skape en die beeld van die liggaam.

In Johannes 10 begin Jesus met diegene wat rondom Hom vergader het te praat oor iets wat hulle almal baie goed geken het, naamlik die praktyk van skaapboerdery. Maar nadat Jesus dit vertel het, merk Johannes op dat die mense nie verstaan het wat Jesus met die beeld wou sê nie (Joh 10:6). Dan begin Jesus om die beeld vir hulle te verklaar.

Jesus sê eers:

Dit verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape. (Johannes 10:7 AFR83)

In die Nuwe-Testamentiese tyd het die herders hulle skape in die veld opgepas ver van enige stewig geboude krale vir die skape. Daarom het hulle snags die skape in 'n tydelik takkraal ingejaag. So 'n takkraal het ook nie 'n hek gehad nie. Daarom het die herder self in die ingang van die kraal gaan lê. Enigeen wat by die kraal wou ingaan, moes eers by die herder verbykom.

Ek is die ingang vir die skape, sê Jesus. Wie in sy kraal wil ingaan, moet deur Hom ingaan. Sonder om nou elke deel van Jesus se beeld in die konkrete lewe oor te bring, luister ons hoe die Here dit self konkreet maak. Wie in die kerk van die Here wil ingaan – let wel, nie in die Gereformeerde Kerk of die NG Kerk of watter kerk ook al nie – moet deur Jesus ingaan. Daar is nie 'n ander ingang tot die Here se kerk nie. En hulle wat deur Hom ingaan, is diegene wat gered word (Joh 10:9). Om deur Jesus in te gaan beteken dan om in Jesus Christus te glo – te glo dat Hy jou enigste en volmaakte Verlosser is. En hulle wat eenmaal deur dié ingang ingegaan het, sal daar tuis wees. Hulle sal weet dat hulle by Jesus veilig en geborge is, daarom sal hulle in- en uitgaan en weiding kry (Joh 10:9).

Nou is dit goed om daarop te let dat die skape nie uit hulle eie deur Jesus ingegaan het nie. Elkeen van die skape is op die naam geroep (Joh 10:3). God die Vader het uit die hele menslike geslag 'n sekere aantal mense uitgekies. Dit beteken aan die een kant dat God 'n vaste getal mense uitgekies het aan wie Hy die ewige lewe wil gee. Hierdie getal mense kan nie minder of meer word nie, want die getal berus op die vaste besluit van God wat Hy reeds nog voor die skepping van die hemel en aarde geneem het (Efes 1:4). Aan die ander kant beteken dit ook dat God spesifieke mense uitgekies het en hulle name is in die boek van die lewe opgeskryf (Open 20:11-15).

Jesus vergader hierdie mense wat tot die ewige lewe uitverkies is deur sy Gees en Woord om sy gemeente te wees. Niemand van ons in hierdie kerk wat aan Jesus behoort, het op ons eie besluit om bymekaar te kom as 'n kerk nie. Dit is nou eenmaal nie in die geaardheid van die mens om te doen wat God wil nie. Daarom kan ons verseker weet dat ons wat kerk van die Here is, deur Jesus self vergader is. Sy Heilige Gees het ons geloofsore en geloofsoë oopgemaak sodat ons die goeie Herder se stem kan hoor en sy stok en staf kan raaksien. Deur die hoor van die Woord, die evangelie, het die Heilige Gees in ons die geloof in Jesus Christus gewerk. Met hierdie werk van die Heilige Gees word die gelowiges in 'n baie intieme kennis ingelei. Die gelowiges leer Jesus ken, net soos die Vader Hom ken en Hy die Vader ken.

Deur die Gees en Woord beskerm en onderhou Jesus ook sy skape. Die skape wat deur Jesus ingaan, kry weiding. Hierdie weiding is die kos wat vir die geloofsluwe nodig is. Elke Sondag en elke keer wanneer die Woord verkondig word en elke keer wanneer die sakramente bedien word, voed die Heilige Gees die skape van die goeie Herder. Indien die gelowige nie hierdie kos kry nie, sal hulle nie kan bly lewe nie, want hulle kry nie die brood van die ewige lewe in nie. Ons lewe immers van elke woord uit God se mond. Wie dus deur Jesus ingaan, word gevoed en kry so die ewige lewe – 'n lewe in oorvloed.

Die gelowiges wat waarlik glo – hulle wat weet en vertrou – dat Christus hulle enigste en volmaakte Verlosser is, is vir Hom die belangrikste van al die skepsels. Hulle is so belangrik vir Hom dat Hy sy lewe vir hulle sal aflê. En Hy het dit ook gedoen. Hy het die volle straf, toorn en vloek van God oor ons sonde ten volle in ons plek gedra. As Jesus ons so teen God se oordeel beskerm het, sal Hy ons ook teen alle ander dinge wat ons bedreig, vir altyd beskerm. Ja, met sy bloed en gebede beskerm Hy ons so dat God **nooit eers meer aan ons sondes of sondige aard wil dink nie**. Trouens, **God wil uit genade aan ons die skatte en gawes van Christus gee, sodat ons nooit in die straf-**

gerig van God sal kom nie. In Jesus se eie woorde: Hy hou ons in sy hand vas en ons is in die Vader se hand, en niks en niemand sal ons uit sy hand kan ruk nie (Joh 10:28, 29).

Met die woorde waarmee ons bely dat ons aan die kerk glo, word dit hoorbaar dat Christus sy kerk al van die begin van die wêreld af deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou. En Hy sal dit ook doen tot aan die einde van die wêreld. Daarom, die Seun het al by Adam-hulle begin om sy kerk te vergader en sy kerk sal bestaan totdat Christus terugkom op die wolke. As ons so ons geloof aan die kerk bely, sê ons dat daar net een kerk is wat oor die hele wêreld deur al die eeue heen bestaan. Uit elke volk, taal en nasie vergader, beskerm en onderhou Jesus hierdie kerk van Hom. Hy noem hierdie kerk die een kudde met die een Herder (Joh 10:16).

Maar die kerk is nie iets wat los van die ware gelowige staan nie. Die kerk is 'n persoonlike saak soos 'n mens se geloof persoonlik is. Die kerk is so persoonlik dat elke gelowige behoort te sê **ek is 'n lewende lid** van Christus se kerk tot in ewigheid. Deur sy Gees en Woord het Hy my ook immers lewendig gemaak. En natuurlik, wanneer iets lewe, werk dit ook. Die kerk lewe deur die genade van Christus en hulle lewe vir God en vir mekaar.

Geliefdes, met die woorde van die Twaalf Artikels bely ons ook: Al die gelowiges **saam en elkeen afsonderlik het as lede met die Here Christus gemeenskap en deel aan al sy skatte en gawes.** Verder, **is elkeen verplig om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.** Die kerk kom uit die werk van ons Drie-enige God tot stand. Die kerk lewe uit Christus uit, maar moet ook na Christus toe lewe. So leef die kerk vir God.

Hier moet ons op die orde let soos wat ons dit bely in vraag en antwoord 55. Ons band met Christus kom eerste, en daarna kom die band wat ons met mekaar het. Hierdie orde kan nie omgekeer word nie, want die gemeenskap van die heiliges kan alleen bestaan as die heiliges waarlik deur die geloof aan Christus gebind is. Sonder die band met Christus kan daar ook nie 'n band met mekaar wees nie. Dit is wat die Heilige Gees dan ook vanuit 1 Korintiërs 12 aangaande die kerk se lewe vir ons leer. As die onderskeie lede van die liggaam nie deur middel van die senuwees aan die hoof verbind is nie, kan hulle ook geen verband met mekaar hê nie. Dan is hulle soos 'n liggaam wat verlam is. Die een lid in die liggaam beteken vir die ander lid dan net mooi niks.

Broers, susters en kinders, daar word dikwels gekla dat die gemeenskap van die heiliges tans nie tot sy reg kom nie. Daarmee bedoel mense dat lidmate los van mekaar lewe en nie regtig na mekaar omsien nie. Dan word daar gepoog om met allerhande aksies die verhoudinge tussen die lidmate te verlewendig. Maar dit is nie waar die fout in die eerste plek is nie. Dit fout is in die verhouding van die lidmate met Christus. Wie werklik deel het aan Christus en sy skatte en gawes, is so oorstelp van dankbaarheid dat hy ook met sy geestelike en stoflike gawes sy medegelowiges en selfs sy medemens wat nie 'n gelowige is nie, wil help. 'n Goeie boom wat in goeie grond geplant is, kan mos nie anders nie as om goeie vrugte te dra nie.

Vir sommige van ons en veral vir ons kinders is die begrip om gemeenskap met die Here Christus te hê vaag en onduidelik. Om gemeenskap met Christus te hê beteken om deel aan Christus te hê. In die liggaam, soos Paulus daarvan skryf, het elke lidmaat deel aan die hoof van die liggaam. Toegepas op die kerk van Christus: Elke lidmaat het deel aan Christus, die Hoof van die kerk. Die gelowige kry sy lewe uit Christus. En wie sy lewe uit Christus kry, weet en vertrou dat Christus sy Verlosser is. Dit bring mee dat die gelowige ook deel kry aan die skatte en gawes van Christus, dit is om kind van God te wees, vergewing van sondes te ontvang, en die ewige lewe te beërwe.

Christus bring hierdie gemeenskap tussen Hom en die gelowiges tot stand; Hy gee dit. Maar Hy eis dat die gelowige ook gemeenskap met Hom sal onderhou. Ons kry die geloof in Christus deur die Heilige Gees se werk, maar ons geloof moet ook versterk word deur Skriflesing en Skrifstudie, bywoning van eredienste, gebed en 'n hele lewe waarin voortdurend na die wil van die Here gevra word. So leef die kerk vir God.

Omdat die kerk vir God leef, leef die gelowiges ook vir mekaar. As liggaam van Christus het elke ledemaat die ander ledemate nodig om self en almal saam te kan bly lewe. Iemand wat egter nie deel van die liggaam wil wees nie en sy gawes vir homself terughou, is nie net besig om homself te verarm nie, maar is ook besig om die liggaam van Christus skade aan te doen. Hande het voete nodig, anders kan die hande nie by die werkplek kom nie. Die voete het die hande nodig om vir hulle skoene aan te trek sodat hulle die hande by die werkplek kan kry. So het elke liggaamsdeel 'n funksie in die liggaam sodat die liggaam goed kan werk.

Vir ons as kerk beteken dit dat elkeen van ons wat deel is in die kerk 'n taak het. Elkeen het gawes van die Here ontvang. Om dan nou 'n lewendige liggaam te kan bly moet elkeen hierdie gawes gewillig en met vreugde gebruik om die ander lede in die liggaam by te staan en te help. Om Christen te wees is ek nie net vir my persoonlike verhouding met God verantwoordelik nie. Ons almal staan voor God vir mekaar verantwoordelik hier op aarde – hier in Bellville. Aangesien my verhouding met die ander lidmate van my verhouding met Christus afhanklik is, beteken dit dat my lewe met die ander lidmate 'n toonbeeld van my verhouding met Christus is. Nie een van ons kan sê dat ons God liefhet, maar ons tree liefdeloos teenoor 'n broer of 'n suster op nie. As ek die gawes wat ek ontvang het vir myself hou en nie wil mededeel nie, tree ek liefdeloos op.

Hoe wend ons nou ons gawes tot nut en saligheid van mekaar aan? Elkeen van ons het 'n gawe of gawes. Dit kan byvoorbeeld wees om 'n goeie luisteraar te wees of om in eenvoudige taal moeilike sake te verhelder. Jy wat graag luister, kan toelaat dat 'n ander ledemaat sy bekommernis en sorgte teenoor jou uitspreek. 'n Luisterende oor is baie maal van groter waarde as duisend trooswoorde. Jy wat in eenvoudige taal moeilike sake kan verhelder, kan jou gawe gebruik om vir klein kindertjies van God te leer. So kan elkeen vir homself vra wat sy gawe is; ja, en vra dat die Gees jou oë oopmaak om jou gawes raak te sien. So kan die Gereformeerde Kerk Bellville as liggaam van Christus regtig lewe.

Die kerk wat volhard om vir God en mekaar te lewe, sal nie na die sin en betekenis van die kerk vra nie. Die Here gee deur sy Gees aan ons die geloof; Hy bring 'n verhouding met Hom tot stand. Hy gee ons ook die vermoëns om ons gawes met mekaar te deel om so vir God en vir mekaar te leef. Die verantwoordelikheid lê nou op die kerk se skouers om te volhard soos die Here wil omdat so 'n volharding die Here se wil is.

Geliefdes, God wil sy kinders laat deel aan Christus en al sy skatte en gawes. Die manier wat die Here gekies het om dit te doen, is deur die Heilige Gees en Woord in die kerk. Daarom moet die ware gelowiges waarlik kerk wees. Dit baat ons niks as ons al hierdie dinge weet maar ons doen niks daaraan nie. Daarom lê die troos van ons belydenis oor die kerk so 'n groot appèl op ons om kerk te wees. As jy 'n ware gelowige is en jy weet God deel sy gawes in die kerk uit, wees dan daar en bly daar.

Amen!

Slotgebed

Psalm 133:1, 2 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 April 2014